

Nico van  
Gijssen



## Raad met jou rande

**E**k kyk vandag na lewensversekering.

Te veel mense, kom ek agter, verstaan dit nie. Of bejeën dit met 'n weersin. Ek sien dit byna weekliks.

Kom ons begin deur te kyk na hoe sommige lewensversekering sien, ervaar, of ervaar het.

A was gesond en redelik fiks met sinvolle lewens- en gevreesdesiekte dekking.

Maar gereeld het sy gekla oor die premie wat sy moet betaal en waarvoor sy "niks gaan terugkry nie". Totdat die gevreesde k-woord haar gryp.

'n Polis-meevaller van by 'n miljoen rand kan nie vergoed vir die skok van kanker (of beroerte of 'n hartaanval) nie, maar dit sal help keer dat jy boonop in finansiële ellende beland weens verlies aan inkomste en die noodwendige lewensstylaanpassings.

B wou nie byt aan 'n voorgestelde lewenspolis nie. Die versekeraars is 'n spul skelm. Makelaars is net agter die kommissie aan.

Alles 'n spul snert omdat hy sy verantwoordelikhede probeer ontduik.

Hy het gedog hy is slim. Tot een nag, toe besluit sy hart dis nou genoeg. Sy vrou sit nou sonder inkomste. Sonder huis ook, want sy werkgewer het huisvesting verskaf. En die twee dogtertjies, twee jaar en vyf jaar...

Wie kyk na hulle? Sy moet by haar ma intrek. Ma, wat dit self nie te breed het nie.

### Die dood kom skielik

Ek besef ek preek dalk nou vir die keerde wat finansiële beplanning betref, want ek twyfel of die Slimjanne en Slimsanne rubrieke soos dié een lees.

Maar soos my kollega en vriend Louis gereeld vir my sê: "Hou aan skryf in die sand; dit maak 'n verskil vir iemand."

Hier is die kern van my "sandboodskap" vandag: Lewensversekering (sluit daarby in gevreesdesiekte- en ongeskikt-



# Dink nou nuut oor lewensversekering

## Begin vroeg en hou premies by; dis seker geld

heidsdekking) moet die basiese vertrekpunt wees in jou finansiële beplanning. Selfs nog voordat jy dink aan spaar.

Natuurlik is dit belangrik om vir jouself welvaart te skep. Natuurlik moet jy spaar vir aftrede. Aftrede is egter nog ver as jy vroeg in jou lewe behoort te begin met finansiële beplanning. Wat as jy dit nie maak tot daar nie? Die dood kan jou oor vyf minute kom wegvat.

Laat ek sommer ook iets sê oor die stelling "As ek eendag iets sou oorkom".

Jy gaan nie "iets oorkom" nie, mens. Jy gaan dood. Die werklikheid is dat die lewe gebeur. En nie volgens jou en my tyd- raamwerk nie. A hierbo was skaars 60 jaar oud en B nog nie 40 nie.

### Vasgemaakte premie bly goedkoop

Ek sê nie lewensversekering is belangriker as spaar of aftredevoorsiening nie. Jy het albei nodig, maar begin by lewensversekering. Selfs al is jy nog jonk. Of liever, veral as jy nog jonk is.

Hoekom sê ek so? Omdat jong mense ook doodgaan. Omdat jong mense ongeskik kan raak.

Dit kan selfs erger wees as die dood, uit 'n finansiële oogpunt, want jy moet steeds geld hê om te kan leef, maar sonder die vermoë om te kan verdien.

Dit maak sin om jonk te begin, want versekering is goedkoop as jy jonk is. En as jy die premie lewenslank vasmaak, bly dit goedkoop. Of liever, dit raak goedkoper as jy inflasie in ag neem.

Kies gerus die opsie wat jou dekkingsbedrag jaarliks saam met inflasie laat styg, maar veral as jy nog jonk is; los liever die premiepatroon wat jaarliks styg. Sommige styg selfs met meer as 10% per jaar.

Dit is maar soos enige goedkoop ding wat jy koop: Jy is net eenkeer bly oor jou slim besluit en dis die dag dat jy dit gekoop het. Die trane kom later, glo my.

Dis belangrik om te verstaan dat jy die stygende-dekkingsopsie later kan verander sou jou omstandighede dit toelaat, of vereis. Jou stygende-premiepatroon kan jy nie verminder sonder om ook jou dekking te verminder nie.

Soos ek sê, dink nou slim en vermy die geldverdriet later.

### Geld vir jou naasbestaandes

Uit 'n finansiële-risiko-oogpunt is 'n seker premiepatroon baie belangrik.

Ek weet van talle mense vir wie die maandelikse premie te duur geword het, maar hulle kan nie by 'n ander versekeraar dekking kry nie, of die dekking is baie duur omdat hulle intussen gesondheidsprobleme opgedoen het.

Ek weet van iemand wat sowat vyf keer meer aan dekking betaal as wat hy vir sy ouderdom by 'n ander versekeraar sou kon kry. En steeds styg die premie.

Sy gesondheid het egter so agteruitgegaan dat ander versekeraars hom nie wil verseker nie. Sy behoefte aan versekering vereis egter dat hy dit byhou en betaal. Praat van trane oor goedkoop lewensdekking.

Al het jy dit finansiële nie breed nie, maak seker dat jy darem lewensdekking het. Dit is seker geld. Intendeel, ek meen dit is die beste beleggingswaarborg wat daar is. Dood gaan jy dood. Jy kan seker wees dat daar dan geld vir jou naasbestaandes sal wees.

En later in jou lewe, as jy meen jy het nou genoeg geld om na te laat, genoeg om ook belastings by dood, skuld en sterfbedkoste te dek?

Laat jou kinders die premie oorneem. Dis seker geld vir hulle; hulle kan net-sowel help spaar daaraan.

■ **Nico van Gijssen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijssen.**